SEEPLANTE (B)

Graad 3

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Bekend te stel aan die seeplante van ons kuslyn.
2. Deur die kennis wat hy opdoen, ’n liefde en waardering vir die Skepping te laat ontwikkel.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Weet waaruit see- en duineplante bestaan.
2. Kennis maak met verskillende blaarvorms en die redes ken vir die verskillende aanpassings van die blare. (byvoorbeeld die lang, slap blare van die bamboes).
3. Moet prakties kennis maak met die verskillende wortelstelsels van see- en duineplante.
4. Weet wat die nut van elke deel van die plant is.
5. Moet ses duineplante uitken.
6. Moet vyf plante wat in die see groei, uitken (byvoorbeeld seebamboes, seewier, seegras).
7. Kennis maak met drie plante wat hulself beskerm.
8. Een plant ken wat in wisselwerking met ’n dier of insek oorleef.
9. Kennis maak met alge wat op die rotse groei en minstens drie identifiseer.
10. ’n Handwerkartikel maak van natuurlike materiaal aan die kus.

C AANBIEDING

1. Vir vereiste 1 tot 4 moet kennis oorgedra word, terwyl die kind die voorbeelde fisies kan sien en ondersoek. Die aanbieder moet alle voorbeelde beskikbaar hê.
2. Vir vereistes 5 tot 8 moet plante self beskikbaar wees. Indien nie, kan van prente of goeie sketse gebruik gemaak word. Video’s kan ook gebruik word.
3. Wanneer die toetsing plaasvind, word al die handwerkartikels uitgestal.
4. Wees altyd ingelig oor watter natuurlike materiale versamel en verwyder mag word.